Verwysing: 20201023-9003
Lêerno.: 5/1/7/4
Navrae: JT Solomons

Omsendbrief: 0054/2020
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteurs, Kringbestuurders en Amptenare by Hoofkantoor en distrikskantore

Kort opsomming: *Verwittiging van amptenare oor hulle verantwoordelikhede wanneer goewermentsgaragevoertuie (GG-voertuie) gebruik word.*

Onderwerp: Die pligte en verantwoordelikhede van amptenare wanneer GG-voertuie gebruik word

1. Hierdie omsendbrief is hersien en herroep en vervang Omsendbrief 0030/2015 van 10 April 2015, in sy geheel.

2. Met die toenemende gebruik van GG-voertuie deur amptenare van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), het dit nodig geword om amptenare aan hul pligte en verantwoordelikhede te herinner, ingevolge Nasionale Vervoer Omsendbrief No. 3 van 2019 van 26 September 2019, en Omsendbrief U2 13B-2019-20 van 20 Desember 2019.

3. **Bespreking van 'n GG-voertuig vir amptelike ritte**

'n GG-voertuig moet minstens 24 uur voor die amptelike rit bespreek word, deur 'n afskrif van die Aansoekvorm om te Reis (GMT 2019-01) te voltooi. Die ritmagtiging moet deur 'n amptenaar goedgekeur word, wie se rang nie laer is as die van adjunkdirekteur of hoër nie, en fondse moet beskikbaar wees.

4. **Padwaardigheid van voertuie**

4.1 Staatsmotorvervoer (SMV) het die GG-voertuigvloot opgegradeer en ouer voertuie wat se raklewe verby is, vervang. Ons is van plan om, saam met u ondersteuning en samewerking, die toestand van GG-voertuie te onderhou en te verbeter. Om te

verseker dat elke voertuig in 'n veilige en padwaardige toestand is, moet die bestuurder voor die gebruik daarvan, die voertuig met behulp van die tersaaklike kontrolelys inspekteer.

4.2 Indien daar enige skade aan, of meganiese probleme met die voertuig ondervind word, moet die bestuurder dit onmiddellik by die vervoerafdeling aanmeld. Indien enige skade aan, verlies of diefstal van die voertuig se toerusting nie aangemeld word nie, sal die laaste bestuurder wat die voertuig gebruik het, verantwoordelik gehou word.

4.3 Kontroleer die GG-voertuig noukeurig en let op enige van die volgende foute voordat u voortgaan met die rit:

a) Duike en skrape op die voertuig se bakwerk en buffers, gekraakte voorruit en vensters, gladde of beskadigde bande, asook olie- en waterlekkasies onder die voertuig.
b) Hoofligte, remme (insluitend die handrem) wat onklaar is.
c) Ongeldige lisensieskyf.
d) Geen noodwiel, domkrag of wielsleutel nie.

4.4 Let daarop, dit is die bestuurder se verantwoordelikheid om nie 'n voertuig te aanvaar wat onpadwaardig is nie.

5. **Versiening/instandhouding en herstel van GG-voertuie**

5.1 Enige probleme met die voertuig moet onmiddellik aandag geniet om verdere skade te voorkom. Die foutiewe voertuig sal slegs uitgereik word sodra die foute reggestel is.

5.2 Versiening en instandhouding van GG-voertuie het voorrang bo die gebruik van die voertuie en beplande instandhouding sal dus nie vertraag word weens 'n tekort aan voertuie nie. Vervoerbeamptes moet in kennis gestel word van voertuie se dienstye of herstelwerk wat aandag benodig, d.w.s., as die versieningsliggie brand.

6. **Skoon en netjiese voertuie**

6.1 Rook in GG-voertuie is verbode. Nie-rokers wat ook van die voertuig gebruik maak, moet in ag geneem word. Nienakoming sal lei tot dissiplinêre optrede teen amptenare wat voortgaan om in die voertuie te rook en sigaretas en sigaretstompies agter te laat. Dit is teenstrydig met die *WCED Smoking Policy, 2015*.

6.2 Bestuurders van GG-voertuie, in samewerking met vervoerbeamptes, moet toesien dat voertuie binne en buite skoon en netjies gehou word. Alle leë bottels/blikkies, ou kospakkies, werksdokumente, ens, moet uit die voertuig verwyder word voor dit terugbesorg word.

7. **Ongelukke**

7.1 'n Ongeluk of verlies waarby 'n GG-voertuig betrokke is, moet binne 24 uur by die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en die betrokke vervoerbeampte aangemeld word.

7.2 Die bestuurder moet:

a) nie die voertuig in die geval van besering of die dood van enige passasier(s) of lid(lede) van die publiek skuif nie;
b) geen aanspreeklikheid aanvaar teenoor enige persoon of enige vorm van betaling aanbied nie;
c) Nedfleet kontak indien die voertuig ingesleep moet word (sorg dat waardevolle items uit die voertuig verwyder, en die logboek en brandstofkaart/tolhekkaart aan die vervoerbeampte oorhandig word);
d) binne 24 uur 'n SAPD-saaknommer verkry; en
e) 'n botsings-/ongelukverslag (GMT 2012-02) voltooi, wat verkry kan word by die vervoerbeamptes, en dit saam met enige toepaslike stawende dokumente (d.w.s., ritmagtiging, rybewys, verklarings van getuies, skets van die ongelukstoneel, motorhuis of oornag-magtiging), binne vyf werksdae by die betrokke vervoerbeampte indien.

8. **Nasporing van voertuie**

Amptenare moet verstaan dat GG-voertuie toegerus is met elektroniese satelliet opsporingstoestelle en dus voertuigritte en die bestuurder se gedrag, d.w.s., spoedoortredings, streng monitor.

9. **Telefoonnommers**

9.1 SMV maak gebruik van die volgende diensverskaffers:

a) Nedbank (Nedfleet)
b) Automated Fleet Solutions (Afsol) (nasporing van voertuie).
c) Transit Solutions(eFuel)

9.2 Hulle telefoonnommers is soos volg:

9.2.1 **NEDFLEET**

a) Diensmagtiging en bande: **0800 500 005**
b) Aanmelding van verlore/gesteelde brandstof-/tolhekkaarte: **0800 500 005** (kantoorure)/ **071 879 5111** (na-ure)
c) Insleep van voertuie (ongeluk of meganiese onklaarraking): **0800 500 005**

9.2.2 **AFSOL**

Afsol se inbelsentrum: **082 316 1761**

9.2.3 **TRANSIT SOLUTIONS (eFuel)**

a) eFeul se hulptoonbank (*manual overrides*): **0860 100 353**
b) Probleme met installering of kalibrasie**: 021 467 4768** (kantoorure)/**071 879 5111** (na-ure)

9.2.4 **SMV**

a) Verlore of gesteelde items en probleme met die voertuig se toestand: **021 467 4756**
b) Aanmelding van ongelukke: **021 467 4713** (kantoorure) **0800 500 005** (na-ure)
c) Voertuigdiefstal of -kapings: **082 316 1761** (hierdie nommer is 'n 24 uur per dag, sewe dae 'n week nommer en, waar nodig, toelaat vir onmiddellike aanmelding)
d) GMT R&M- kliëntedienssentrum: **08000 092 468**
e) Aanmeldingslyn vir voertuig-misbruik: **0800 092 468**/**082 906 4057**

10. Vir meer inligting, kan enige van die volgende amptenare by Hoofkantoor gekontak word:

Me. F Abdou, tel. 021 467 2811
Me. C Albertus, tel. 021 467 2794
Me. V Ntshinga, tel. 021 467 2808
Me. A Gana, tel. 021 467 2715

11. Die inhoud van hierdie omsendbrief moet onder die aandag van alle betrokkenes gebring word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-12-21